**Vrydag 28 Augustus**

**Skrifgedeelte: Rut 4:9-22**
**Fokusgedeelte: Rut 4:16**

## Naomi, die aangename

Ons kan verstaan dat Naomi (lieflikheid) ná al die swaarkry wat sy beleef het, vol bitterheid was (Rut 1). Tóé was sy nie meer ’n aangename mens nie! Tóé was sy iemand wat jy liewer wil vermy. Die HERE het haar egter nie vermy nie. Hy het haar weer ’n aangename mens gemaak.

Ons moet nie die fout maak om te dink dat die HERE van Naomi ’n aangename mens gemaak het deur weer aan haar voorspoed te gee nie. Ja, Hy hét haar met voorspoed geseën. Hy hét vir haar gesorg, sodat sy genoeg lewensmiddele ontvang het. Sy het selfs die erfgrond van haar man, Eliméleg, weer teruggekry!

Sy het ook ouma geword van ’n seuntjie wat uit Boas en Rut gebore is. En Naomi het die kind geneem en op haar skoot gesit en sy het sy pleegmoeder geword! Sy beskou dié seuntjie as haar eie en stort al haar liefde op hom uit. Sy het hom lief soos haar eie seun. Hierdie seuntjie, Obed, was die vader van Isai, die vader van Dawid (vs 17). Die geslagslyn loop verder deur tot by Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word (Matt. 1:16), die Seun van God (Luk. 3:38).

Ter wille van en deur Jesus Christus het God van Naomi ’n aangename mens gemaak. Sonder Christus bly alle mense immers vol van die bitterheid wat sonde teweegbring. Deur Christus en deur in Hom te glo, maak God die Heilige Gees egter van jou ’n aangename mens. Deur die genade van die Heilige Gees maak Hy van jou ’n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan (2 Kor. 2:15).

Wees dan vandag ’n Naomi, ’n aangename mens deur Jesus Christus!

*Sing: Psalm 133:1, 2 (1936)*
*Ds. AP (Abraham) Krüger (Welkom)*